

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Saterdag **28 September**

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:22-25 (AFR53)

**In die verganklike word gelowiges geroep tot onderlinge
gemeenskap met mekaar kragtens die wedergeboorte**

Ons teks beskryf hoe die gemeenskap lyk wat uit die mens voorkom as dit Jesaja 40 aanhaal wat leer: *“Want alle vlees is soos gras en al die heerlijkheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af ...”*

Gras en blomme kan dikwels baie mooi wees, en net so kan die mens met sy politiek, wetenskap en tegniek baie bereik, wat dikwels ook mooi lyk, besing en geprys word. Maar uiteindelik verdor die gras en die blom val af en dan bly niks mooi oor nie, kyk maar hoe lyk lande deur politieke plundering, kyk hoe lyk gemeenskappe, die hele aarde wat agteruitgaan weens ons sogenaamde vooruitgang, daar is besoedeling, vergiftiging van see en riviere, aardverwarming, noem maar op.

Teenoor die gemeenskap wat die mens daarstel wat verganklik is en nooit kan standhou nie, is die gemeenskap wat God bring, onverganklik. Ons bepaal en maak nie die gemeenskap van die heiliges en die meeewing met mekaar nie, God doen dit deur sy vrymagtige verkiesing.

Die liefde vir mekaar, die onderlinge gemeenskap met mekaar kom volgens vers 22 en 23 voort *“... uit 'n rein hart, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly”*.

Die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk begin by die wedergeboorte, God werk deur sy Gees die nuwe opstanding lewe, in en deur Christus, in ons. Dit is die lewe wat nie onderworpe is aan verganklikheid nie, omdat dit nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad kom.

Hierdie ware lewe kom van die Heilige Gees van God, deur die lewende Woord Christus en die verkondiging van Hom deur die geskrewe Woord, dit wat ewig is en bly. Daarom kan die onderlinge gemeenskap van gelowiges deur die wisseling van gebeure ook nie tot niet gemaak word nie en staan dit vas en is onaantasbaar.

In die beproewinge wat oor ons lewe kom, in die stukkende wêreld om ons, wil die Here ons troos met hierdie gemeenskap van die heiliges. Daarom moet ons vashou aan die lewende Woord wat tot in ewigheid bly en in liefde vashou aan mekaar uit 'n rein hart, 'n gemeenskap wat ook ewig bly.

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)